Fokus Teks: Markus 4: 1-9
Liedere: Gesang 514: 1-2; Gesang 530: 1-3; Gesang 542: 1-2; Gesang 543: 1-3.

AANKONDIGINGS:

KLOK: Raak bewus van God se teenwoordigheid

WYDINGSLIED:

Hy is my leidsman – Hy laat my leef. Hy is oorwinnaar – Hy is die Heer. Uit sy genade, liefde en trou, weet ons hoe God sy kinders behou – Gesang 514: 1-2.

SEËN, VOTUM & SEËN:

Lei U ons, Here. Deur hierdie duisternis. Steil is die lewenspad waarop ons gaan. Wys U die weg, ons wil U ewig volg. Waar U mag lei, sal ons getrou volg. Lei U ons, Here – vgl. Gesang 511: 1

BELYDENIS:

God is liefde!

Jesus is ‘n bewys van God se liefde!

Fokus Teks: Markus 4: 1-9
Liedere: Gesang 514: 1-2; Gesang 530: 1-3; Gesang 542: 1-2; Gesang 543: 1-3.

Die Heilige Gees wek wederliefde in ons.

SANG:

Al die tale, profesieë, met tyd gaan dit verby. Net die liefde, die volmaakte, kom en sal vir altyd bly – Gesang 530: 1-3

PREEK:

Ons almal ken die gelykenis van die saaier. Ons het dit al in persoonlike Bybelstudie gelees, in die Bybelstudie groep hanteer en in preke gedeel. Maar kom ons lees dit weer versigtig deur. Ons luister nuut en aandagtig. Jy kan op die skerm volg, in jou eie Bybel lees of net jou oë toemaak en aandagtig luister.

SKRIFLESING: Markus 4: 1-9

“[1] Jesus het weer die mense langs die see begin leer. 'n Baie groot menigte het by Hom saamgedrom, sodat Hy op die see in 'n skuit gaan sit het. Die hele menigte was

langs die see op die strand. 2 Hy het hulle baie deur gelykenisse geleer. So het Hy onder andere gesê terwyl Hy hulle leer: 3 “Luister hier! 'n Saaier het eendag gaan saai. 4 Met die saai het 'n deel van die saad op die pad geval, en die voëls het gekom en dit opgepik. 5 'n Ander deel daarvan het op 'n klipbank geval, waar daar nie baie grond was nie. Dit het gou opgekom, omdat die grond nie diep was nie. 6 Maar toe die son warm word, is dit verskroei, en omdat dit nie wortel geskiet het nie, het dit verdroog. 7 'n Ander deel het tussen die onkruid geval. Die onkruid het opgekom en dit laat verstik, en dit het nie saad geskiet nie. 8 Die ander saad het in goeie grond geval, en dit het opgekom, gegroei en 'n oes gelewer. Party het dertigvoudig gedra, ander sestig- en nog ander honderdvoudig.” 9 Verder het Hy gesê: “Wie ore het en kan hoor, moet luister!”

PREEK:

Ek wil vandag praat oor ons hart. Roedolf Botha het geskryf hierdie gelykenis is ‘n gelykenis oor die mens se hart. Ek wil hê ons moet vandag nie eerste dink aan die

saaier, die saad of die plekke waar die saad val nie ... ek wil hê ons moet oor ‘n mens se hart praat – oor jou en my hart.

Jesus was weer langs die see, mense het nader gestaan ... miskien was hulle nuuskierig ... miskien het hulle gehoop hulle kan ‘n wonderwerk sien ... miskien het hulle gehoop dat hierdie Rabbi met hulle persoonlik sal praat. Maar soos die nuus oor Jesus versprei, groei die skare, en Jesus sien ‘n geleentheid om vir hulle iets te leer oor die Koninkryk van God ... oor wat dit beteken om ‘n volgeling van Jesus te wees.

Jesus het geweet kort stories (gelykenisse) is die beste manier om so ‘n groot skare mense se aandag te hou. Daarom vertel hy weer ‘n storie, weereens met ‘n beeld van iets wat hulle geken het – die beeld van ‘n saaier wat saai.

Fokus Teks: Markus 4: 1-9
Liedere: Gesang 514: 1-2; Gesang 530: 1-3; Gesang 542: 1-2; Gesang 543: 1-3.

Dit is baie belangrik om op te let dat Jesus sy storie op dieselfde manier begin en afsluit. Hy begin met *luister hier!* Dit is nie net ‘n strategie om hulle aandag te kry nie. Daarteenoor sluit Hy af met die woorde; *wie ore het en kan hoor, moet luister!* Jesus is ‘n bedrewe storieverteller ... Hy kan ‘n goeie storie vertel. Hy weet hoe ‘n goeie storie werk.

Luister hier!

&

Wie ore het en kan hoor, moet luister!

Om ‘n storie te begin en te eindig met ongeveer dieselfde woord – *luister* – is om dit te beklemtoon. Meer nog om dieper te kyk na die rede waarom mense hoor, maar nie luister nie. Wanneer ‘n mens hoor en nie luister nie is jou hart geslote vir die wil van God. Wanneer jy hoor en luister is jou hart oop (ontvanklik) vir God se wil.

Jesus wil dus met hierdie (en ander) stories sê ‘n mens se hart is belangrik vir die Koninkryk van God. Uiters belangrik!

Ons het al gehoor dat afrigters sê hierdie of daardie persoon het baie talent, maar ongelukkig nie die hart vir die sport nie. Talent alleen maak jou nie ‘n goeie atleet nie, jy moet die hart ook hê. Om die wil van God te hoor (selfs elke Sondag) maak jou nie gehoorsaam nie, jou hart moet reg wees vir die saak van God ... dan sal ons hier instap, hoor, luister en gaan leef.

Jesus wil dus sê ‘n mens se hart moet oop wees vir God se wil. Jy moet bereid wees om jou te laat lei deur die wil van God. Dit is ‘n hart wat altyd vra na God se manier. Dit is ‘n hart wat bereid is om te verander en meer en meer te word soos God wil. Dit is ‘n hart wat nie net hoor nie, maar ook luister.

Sonder hierdie hart kan ‘n mens elke Sondag in die kerk sit, sonder dat jou lewe ooit verander. Met so ‘n hart sal jy van vergifnis hoor, maar dit nooi regkry nie. Die Bybel noem dit ‘n harde hart. Ons sou selfs kon sê ‘n koue hart.

Terug by die gelykenis van die saaier is die verskillende soorte grond simbool van die mens se hart. Al die mense hoor die Woord van God, maar nie almal laat hulle deur die Woord van God lei nie. Daar is net twee soorte gronde; die waarin die saad ten volle kan groei en die waarin die saad nie ten volle kan groei nie.

In die gelykenis verwerp meer soorte grond die saad as wat die die Woord aanvaar. Dit gebeur selfs in die kringe van gelowige mense, waar mense die Woord (saad) net so wil hoor soos dit hulle pas. Mense wil soms nie die Woord van God hoor soos wat dit bedoel was nie, al noem hulle hulself godsdienstig – hulle hoor met ander woord, maar hulle luister nie.

Met ‘n oop hart bedoel ons die opregte wil om God se Woord te hoor en dit ons eie te maak. Om toe te laat dat God ons hart verander. Om onsself onderdanig aan die wil van God se Woord te plaas. Die Here wil sy Woord gebruik om ons te transformeer. Om ons liefdelose lewe te verander in ‘n lewe van liefde. Om ons harde eie ek te breek vir die sagte omgee van God.

Ons kan die Bybel uit ons koppe ken, maar as ons hart nie reg is om te luister nie sal ons nooit verander soos God wil nie.

<u>Daniël 12: 8-10</u>

Ek het dit gehoor en nie verstaan nie.

<u>Esegiël 12: 1-2</u>

“1 Die woord van die Here het tot my gekom: 2 “Mens, jy woon tussen 'n weerbarstige volk. Hulle het oë om te sien, maar hulle sien nie. Hulle het ore om te hoor, maar hulle hoor nie. Hulle is 'n weerbarstige volk.”

Fokus Teks: Markus 4: 1-9
Liedere: Gesang 514: 1-2; Gesang 530: 1-3; Gesang 542: 1-2; Gesang 543: 1-3.

Hoe lyk my en jou hart? Kan ek en jy hoor en luister? Kom ons vra die Here om vir ons ontvanklike harte te gee soos die goeie grond waarin die saad gegroei het en oeste van dertig-, sestig- en honderdvoudig gelewer het.

Ek hoor Jesus weer vanmore vir jou en my sê:

Luister hier!

&

Wie ore het en kan hoor, moet luister!

Amen.

GEBED:

SLOTSANG:

Jesus, ons loof U! Jesus, ons prys U! - Gesang 542: 1-2
(Na die eerste twee verse herhaal die melodie. Ons word stil en laat die Woorde van God by ons insak).

Fokus Teks: Markus 4: 1-9
Liedere: Gesang 514: 1-2; Gesang 530: 1-3; Gesang 542: 1-2; Gesang 543: 1-3.

SEËN:

Gemeente; soek God se vrede ... geniet sy omgee ... wandel in sy liefde ... groei in sy genade ... word gevul met sy vreugde ... word oorlaai met sy hoop en ontvang sy vergifnis.

WEGSENDING:

Here Jesus, ek is klein, maak U self my lewe rein - Gesang 543: 1-3